OM Zambia

# Kanjani Orphan Project

His heart, His hands, His little children

**No. 63 – 08 August 2011**

Hello to all our friends and family!

Thank you very much for all your text messages and e-mails which we received with Lourie's birthday; it is much appreciated! We spent Lourie's birthday with his parents in Rustenburg, South Africa, before we hit the road again the very next day for the long trek back to Zambia.

**Projects and personal:**

As most of you know, we had to return to South Africa for urgent repairs to the suspension as well as the braking system of our vehicle. After three years of driving rough Zambian dirt roads the suspension as well as the brake drums on the rear wheels started playing up. It took almost ten days to have all the repairs done but at least the vehicle is back in shipshape condition now. While the vehicle was being repaired we had no other option but to hire a smaller car so we could see the family and friends. It was during this time that the unions in South Africa went on strike for higher pay and the petroleum industry, amongst others, was hit especially hard. Workers at the fuel depots went on strike so no fuel could reach any of the filling stations around the bigger cities. We were later forced to drive around with extra fuel in “jerry cans” in the vehicle. It was just impossible to tell when and where we would be able to refill again.

Back with our children in Zambia things did not go to well either. The 2nd wife of our community leader has passed away with cerebral malaria. She was not even ill! Furthermore, two of our children, Enock and Ginder, were due to start their first year at the nursing college after we applied and paid their college fees some time ago. With their arrival at the college you could just tell something was wrong because around two hundred students turned up at the college for only forty available places. And to top it all, all these students had proof of acceptance and payment. It took officials from the department of Health some time to clear up the problem



*WOL meeting*



*Funeral of Doreen Banda*

Hallo vriende en familie!

Baie dankie vir al die boodskappe per sms en epos wat ons ontvang het met Lourie se verjaarsdag; dit word opreg waardeer! Ons het Lourie se verjaarsdag by sy ouers in Rustenburg gevier – en vroeg die volgende dag die lang pad aangedurf terug Zambië toe.

**Projekte en persoonlik:**

Soos baie van jul reeds weet, moes ons terug Suid Afrika toe om herstelwerk aan die voertuig te laat doen. Na 3-jaar se vrag dra op Zambië se rowwe grondpaaie het die veerstelsel van die bakkie ingegee en daarmee saam het die remstelsel ook erge nukke begin toon. Die voertuig was vir by die tien dae in vir herstelwerk. By gebrek aan vervoer moes ons toe gedurende die tyd 'n klein karretjie huur, en ons het die tyd gebruik om by vriende en familie uit te kom, In hierdie tyd het van die vakbonde in Suid Afrika begin staak om hoër lone en 'n dag daarna het dit moeilik begin raak om brandstof in die hande te kry veral in areas om Pretoria en Johannesburg waar die groot brandstofdepos geleë is. Ons was later genoop om met ekstra brandsof in kanne in die motor rond te ry. Dit was net onmoontlik om te voorspel waar en wanneer ons weer brandstof sou kry.

Terug by ons kinders hier in Zambië, het dinge ook nie te glad verloop nie. Ons plaaslike leier se 2e vrou het aan serebrale malaria beswyk, sonder dat sy eers siek was! Verder het twee van ons kinders, Enock en Ginder, wie ons ingeskryf het by die verplegingskollege in Livingstone moes intussen met hulle eerste jaar aan die kollege begin, slegte nuus gekry. Met hul aankoms by die kollege het dinge al blyk verkeerd te wees, want hoewel daar net plek is vir 40 studente in die eerste jaar, het daar meer as 200 opgedaag! En om alles te kroon kon almal bewys van inskrywing en vooraf betaling toon. Eers nadat die Departement van Gesondheid die situasie kom beredder het, is die prinsipaal onbevoeg verklaar en is hy en 160 kinders huis toe gestuur…noodeloos om te sê dat ons kinders ook onder hulle was.

and in the end the principal of the college as well as a hundred and sixty students were sent home disappointed…needless to say our children were amongst those who were sent home to try again next year. Not knowing what to do till the next intake we enrolled them for a certificate course in computers in Choma. Furthermore they decided to start a small shop on the outskirts of Choma with the profits going towards food and rent while they are waiting for next year's intake. Lourie had to help them with shelves, etc.

On our return we also finally handed back the "premises" to the Word of Life Church and their project will in future be known as the" Word of Life Orphanage" and we shall continue with the Kanjanji Orphan Project as we still have 40 orphans under our care and will continue to support them until they are independent or self-sustaining.

**Prayer requests:**

- We thank the Lord for a peaceful completion of a successful project.
- Pray with us for a new location for the Kanjanji Orphan Project.
- Remember to pray for the orphans.
- We thank God for all your wonderful support and pray that you will continue to support us emotionally, spiritually and financially.

Love and blessings from the heart of Africa.

**Lourie & Gisela Ferreira**

**childrensvillage@kanjanji.com** / **www.kanjanji.com**

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia




*Lourie and the 4 disciples at the shop*




*Only in Africa!*

Met ons hande in ons hare oor wat om met die kinders te doen tot volgende jaar se inname het ons hulle ingeskryf vir 'n sertifikaat-kursus in rekenaars hier plaaslik in Choma. Intussen het hulle, na aansporing, met die plan van 'n winkeltjie na vore gekom, om in hulle eie behoeftes te kan voorsien terwyl hulle wag. Links is die 4 dissipels voor hul winkeltjie.

Ons het ook met ons terugkoms 'n vergadering met die Word of Life Kerk gehad en die stukkie grond finaal aan hulle terug oorhandig. Dit sal nou as die Word of Life Orphanage bekendstaan en ons gaan voort met die Kanjanji Orphan Project aangesien ons steeds 40 weeskinders onder ons sorg het en dus onder ons sorg sal bly tot hulle onafhanklik is.

**Gebedsversoeke:**

- Sê saam dankie vir die vreedsame oorhandiging van 'n suksesvolle projek.
- Bid saam vir die nuwe projek, en nuwe basis vir die Kanjanji Orphan Project.
- Bid asb. saam vir die toekoms van die weeskinders.
- Ons sê ook saam dankie vir al julle waardevolle ondersteuning waarsonder die projek nie sou slaag nie.

Liefde en seën uit die hart van Afrika.

**Lourie & Gisela Ferreira**

**childrensvillage@kanjanji.com** / **www.kanjanji.com**

✉ Posbus 630677, Choma, Zambië